



Verdien AgriBonuspunte  
op alle produkte deur  
Laeveld Agrochem aangekoop



Saam boer ons vooruit

## Jan Heystek

George

**Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.**

**Vir 'n volledige ontleding en sakpas-aanbevelings oor hoe om die beste opbrengs uit u oes te haal, kontak gerus vir Jan Heystek by tel: 083 456 8534, e-pos: [janh@laeveld.co.za](mailto:janh@laeveld.co.za)**

Jan Heystek het in Pretoria grootgeword en het daar sy skoolloopbaan voltooi. Na diens in die SAPD, het hy 'n diploma in Hulpbronbenutting aan die Tshwane Technikon verwerf. Sy hoofvakke was Akkerbou, Landbou Ekonomie en Landbou Voorligting.

Landbou was nog altyd in sy bloed, waarskynlik omdat beide sy ouers op plase groot geword het. Na twee jaar by die Departement van Landbou besluit hy om te gaan boer en het as 'n plaasbestuurder op 'n tabakplaas, in die Vaalwater omgewing begin werk. Tabak, mielies, koring en kool is onder besproeiing verbou. In dié tydperk verwerf hy verskeie kere die prys vir beste opbrengs en kwaliteit vir 60-70 ha tabak verbou per jaar. Daar is 'n gesegde dat as jy met tabak kan boer sal jy enige gewas suksesvol kan groei.

Jan het aartappels, uie, waatlemoene, bidderskorsie, lemoenpampoene en ysterpampoene by een van die grootste boere in die Noord Kaap verbou, en het daar ook baie goeie meganisasie ondervinding opgedoen. Daarna is hy Limpopo toe om sy loopbaan as produksiebestuurder, by twee van die provinsie se grootste groenteboere, voort te sit. Daar het hy aartappels, uie, tamaties, kool, blomkool en brokkoli, op kontrak vir Freshmark en die varsproduktemark, verbou. Jan het altesaam 24 jaar ervaring as boer in die landboubedryf. As produksievoorigter by 'n aartappelverwerkingsfabriek, het hy intensiewe ondervinding in die verbouing van aartappels opgedoen.

Jan is al 24 jaar met sy vrou Ingrid getroud en het 'n seun en dogter wat beide reeds matrikuleer het. As gesin is hulle groot sportliefhebbers wat die buite lewe geniet.

Landbou en presisieboerdery is iets wat baie na aan sy hart lê en hy glo dat hy 'n merkwaardige verskil in die George omgewing, waar daar al hoe meer nuwe gewasse verbou word, kan maak. Jan wil veral saam met Laeveld Agrochem se kundiges 'n groot verskil, in die groente, makadamia en advokadopeer verbouing in dié omgewing, maak. Omdat landbou vir Jan 'n passie is, glo hy daaraan om iets die eerste keer reg, korrek en effektief te doen.



Jan heg die hoogste waarde aan integriteit en dit is ook hoe hy besigheid doen. Sy lang-termyn visie is om as deel van Laeveld Agrochem die beste produkreeks en diens aan bestaande en nuwe kliënte te lewer.